# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

10c — Monday 12 September 1977 — WINDHOEK — Maandag 12 September 1977 — No. 3646


CONTENTS:

PROCLAMATION:


| | | Page |
|---|---|---|
| No. A.G. 1 | Regulation of Certain Matters in Connection with a Government for and the Administration of Rehoboth, and of the Application of Certain Laws Accordingly . | 1 |


## PROCLAMATION

BY THE ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 12 September 1977).*

No. A.G.1 — 1977

REGULATION OF CERTAIN MATTERS IN CONNECTION WITH A GOVERNMENT FOR AND THE ADMINISTRATION OF REHOBOTH, AND OF THE APPLICATION OF CERTAIN LAWS ACCORDINGLY

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977 I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, — 12 September 1977.

### SCHEDULE

*Definitions.*

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise, any expression which is used also in the Act or the regulations has the meaning which it bears in the Act or the regulations, and –

(i) "the Act" means the Rehoboth Self-Government Act, 1976 (Act 56 of 1976); (ii)

INHOUD:

PROKLAMASIE:


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| No. A.G. 1 | Reëling van Sekere Aangeleenthede in Verband met 'n Regering vir en die Administrasie van Rehoboth, en van die Toepassing van Sekere Wette Dienooreenkomstig .................... | 1 |


## PROKLAMASIE

DEUR DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 12 September 1977).*

No. A.G.1 — 1977

REËLING VAN SEKERE AANGELEENTHEDE IN VERBAND MET 'N REGERING VIR EN DIE ADMINISTRASIE VAN REHOBOTH, EN VAN DIE TOEPASSING VAN SEKERE WETTE DIENOOREENKOMSTIG

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977 maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, — 12 September 1977.

### BYLAE

*Woordomskrywings.*

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken 'n uitdrukking wat ook in die Wet of die regulasies gebruik word, dieselfde as in die Wet of die regulasies, en beteken –

(i) "die regulasies" die regulasies kragtens die Wet gemaak en in die *Staatskoerant* afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2478 van 17

(ii) "the regulations" means the regulations made under the Act and published in the *Government Gazette* under Government Notice R.2478 of 17 December 1976, as amended by Government Notices R.108 of 28 January 1977 and R.1497 of 5 August 1977; (i)

(iii) "first election" means the first election, contemplated in section 10(1) of the Act, of a Kaptein or of members of the Legislative Council, as the context may require. (iii)

*Election of Kaptein.*

2. (1) The written document contemplated in section 10(2) of the Act, by which a candidate for the office of Kaptein at the first election is nominated, shall be submitted to the Magistrate of Rehoboth at a nomination court to be held in accordance with the regulations in the court-room at his office on 19 September 1977 at 10h00.

(2) If more than one candidate is nominated, the first election of a Kaptein shall take place in accordance with the regulations on 3 October 1977 between 07h00 and 21h00 at the places specified in the third column of the Annexure.

*Election of Legislative Council.*

3. (1) The written document contemplated in section 10(2) of the Act, by which a candidate for the Legislative Council at the first election is nominated, shall be submitted to the Magistrate of Rehoboth at a nomination court to be held in accordance with the regulations in the court-room at his office on 11 October 1977 at 10h00.

(2) If more than one candidate is nominated for an electoral division, the first election of a member of the Legislative Council for that electoral division shall take place in accordance with the regulations on 31 October 1977 between 07h00 and 21h00 at the place or places specified in the third column of the Annexure opposite the name of that electoral division.

*Application of Act and regulations.*

4. (1) In the application of the Act and the regulations in respect of the first election of a Kaptein or of members of the Legislative Council –

(a) the place or places and times determined by this Proclamation for the election concerned, shall be deemed to have been determined under subsection (1) of section 10 of the Act by the Minister, and as if the proviso to that subsection had been deleted;

(b) the time and place determined by this Proclamation for the nomination of candidates

Desember 1976, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings R.108 van 28 Januarie 1977 en R.1497 van 5 Augustus 1977; (ii)

(ii) "die Wet" die Wet op Selfregering vir Rehoboth, 1976 (Wet 56 van 1976); (i)

(iii) "eerste verkiesing" die eerste verkiesing, in artikel 10(1) van die Wet beoog, van 'n Kaptein of van lede van die Volksraad, na gelang die samehang vereis. (iii)

*Verkiesing van Kaptein.*

2. (1) Die skriftelike stuk in artikel 10(2) van die Wet bedoel, waarby 'n kandidaat vir die Kapteinskap by die eerste verkiesing genomineer word, moet aan die Landdros van Rehoboth verstrek word by 'n nominasiehof wat ooreenkomstig die regulasies op 19 September 1977 om 10h00 in die hofsaal by sy kantoor gehou moet word.

(2) Indien meer as een kandidaat genomineer word, vind die eerste verkiesing van 'n Kaptein ooreenkomstig die regulasies plaas op 3 Oktober 1977 tussen 07h00 en 21h00 op die plekke in die derde kolom van die Aanhangsel genoem.

*Verkiesing van Volksraad.*

3. (1) Die skriftelike stuk in artikel 10(2) van die Wet bedoel, waarby 'n kandidaat vir die Volksraad by die eerste verkiesing genomineer word, moet aan die Landdros van Rehoboth verstrek word by 'n nominasiehof wat ooreenkomstig die regulasies op 11 Oktober 1977 om 10h00 in die hofsaal by sy kantoor gehou moet word.

(2) Indien meer as een kandidaat vir 'n kiesafdeling genomineer word, vind die eerste verkiesing van 'n lid van die Volksraad vir daardie kiesafdeling ooreenkomstig die regulasies plaas op 31 Oktober 1977 tussen 07h00 en 21h00 op die plek of plekke in die derde kolom van die Aanhangsel teenoor die naam van daardie kiesafdeling genoem.

*Toepassing van Wet en regulasies.*

4. (1) By die toepassing van die Wet en die regulasies ten opsigte van die eerste verkiesing van 'n Kaptein of van lede van die Volksraad –

(a) word die plek of plekke en tye wat by hierdie Proklamasie vir die betrokke verkiesing bepaal is, geag kragtens subartikel (1) van artikel 10 van die Wet deur die Minister bepaal te wees, en wel asof die voorbehoudsbepaling by daardie subartikel geskrap was;

(b) word die tyd en plek wat hy hierdie Proklamasie vir die nominasie van kandidate vir die

for the office of Kaptein or for the Legislative Council, shall be deemed to have been determined under subsection (2) of that section by the Magistrate of Rehoboth, and as if the words "not less than thirty days prior to the date of the election, and" had been deleted;

(c) the publication of this Proclamation in the *Official Gazette* shall be deemed to be the publication by the Magistrate of Rehoboth of all matters which he is in terms of subsection (6) of that section required to publish, and as if the words "not less than forty-two days prior to the date on which such election is to take place" in that subsection had been deleted;

(d) the reference to regulation 14 in the definition of "voter" in regulation 1, shall be construed as a reference to regulation 14A.

(2) This Proclamation shall have force and effect notwithstanding anything contained in the Act.

*Period of office of member of first Legislative Council.*

5. Notwithstanding the provisions of section 3(1) of the Act, no election of a Legislative Council shall be held during the month of January 1978, and a member of the Legislative Council elected at the first election contemplated by this Proclamation, shall hold office until a new Legislative Council has been elected after that month.

*Powers of Magistrate.*

6. (1) Until such time as a government for Rehoboth comes into being in terms of section 11(1) of the Act, any power or function which in terms of any law may be exercised or performed by the Magistrate of Rehoboth only after obtaining the advice of the Baster Advisory Council of Rehoboth, may be exercised or performed by him without obtaining such advice but subject to the instructions (if any) issued by the Administrator-General.

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 3 September 1977.

*Short title.*

7. This Proclamation shall be called the Rehoboth First Elections Proclamation, 1977.

Kapteinskap of vir die Volksraad bepaal is, geag kragtens subartikel (2) van daardie artikel deur die Landdros van Rehoboth bepaal te wees, en wel asof die woorde "minstens dertig dae voor die datum van die verkiesing en" in daardie subartikel geskrap was;

(c) word die afkondiging van hierdie Proklamasie in die *Offisiële Koerant* geag die afkondiging deur die Landdros van Rehoboth te wees van alle aangeleenthede wat hy ingevolge subartikel (6) van daardie artikel moet afkondig, en wel asof die woorde "minstens twee-en-veertig dae voor die datum waarop die verkiesing moet plaasvind" in daardie subartikel geskrap was;

(d) word die verwysing na regulasie 14 in die omskrywing van "kieser" in regulasie 1, uitgelê as 'n verwysing na regulasie 14A.

(2) Hierdie Proklamasie is van krag ondanks enigiets in die Wet vervat.

*Ampstermyn van lid van eerste Volksraad.*

5. Ondanks die bepalings van artikel 3(1) van die Wet, word 'n verkiesing van 'n Volksraad nie gedurende Januariemaand 1978 gehou nie en beklee 'n lid van die Volksraad wat by die eerste verkiesing in hierdie Proklamasie beoog, gekies word, sy amp totdat 'n nuwe Volksraad na daardie maand gekies is.

*Bevoegdhede van Landdros.*

6. (1) Tot tyd en wyl 'n regering vir Rehoboth ingevolge artikel 11(1) van die Wet tot stand kom, kan 'n bevoegdheid of werksaamheid wat ingevolge die een of ander wet deur die Landdros van Rehoboth uitgeoefen of verrig mag word slegs nadat hy die advies verkry het van die Baster-Adviserende Raad van Rehoboth, deur hom uitgeoefen of verrig word sonder dat hy bedoelde advies verkry het maar onderworpe aan die opdragte (indien daar is) deur die Administrateur-generaal uitgereik.

(2) Subartikel (1) word geag op 3 September 1977 in werking te getree het.

*Kort titel.*

7. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Eerste Verkiesings in Rehoboth, 1977.

ANNEXURE

| Name of electoral division | Number of polling district | Situation of polling station. |
|---|---|---|
| Klein Aub | 1 | Outbuildings, farm Marienhof. |
| | 2 | Recreation Hall, Klein Aub. |
| | — | Municipal Hall, Narraville. |
| | — | Primary School, Tamariskia. |
| Karanas | 3 | School, Groendraai. |
| | 4 | School, Karanas. |
| | 5 | School, Rietoog. |
| Schlip | 6 | School, Schlip. |
| | 7 | School, Duineveld. |
| | 8 | Baster School, Tsumispark. |
| Schaaprivier | 9 | School, Eselmaanhaar. |
| | 10 | School, Bloukrans. |
| | 11 | Baster School, Groot Aub, and School, Kanobib. |
| | 12 | Store, Duruchaus. |
| | — | Offices of the Elected Coloured Council of South West Africa, Khomasdal. |
| Rehoboth | 13 | Court-room, Magistrate's Office, Rehoboth. |
| Rehoboth-suid | 14 | Memorial Hall, Rehoboth. |

AANHANGSEL

| Naam van kiesafdeling | Nommer van stemdistrik | Ligging van stemburo |
|---|---|---|
| Klein Aub | 1 | Buitegeboue, plaas Marienhof. |
| | 2 | Ontspanningsaal, Klein Aub. |
| | — | Munisipale Saal, Narraville. |
| | — | Primêre Skool, Tamariskia. |
| Karanas | 3 | Skool, Groendraai. |
| | 4 | Skool, Karanas. |
| | 5 | Skool, Rietoog. |
| Schlip | 6 | Skool, Schlip. |
| | 7 | Skool, Duineveld. |
| | 8 | Basterskool, Tsumispark. |
| Schaaprivier | 9 | Skool, Eselmaanhaar. |
| | 10 | Skool, Bloukrans. |
| | 11 | Basterskool, Groot Aub, en Skool, Kanobib. |
| | 12 | Winkel, Duruchaus. |
| | — | Kantore van die Gekose Kleurlingraad van Suidwes-Afrika, Khomasdal. |
| Rehoboth | 13 | Hofsaal, Landdroskantoor, Rehoboth. |
| Rehoboth-suid | 14 | Gedenksaal, Rehoboth. |

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.